

**Posbus 23814
Waterkloof Hoogte
Pretoria 0065**



2008-10-29

Heil die Leser

STRAATNAAMVERANDERING S TE PRETORIA EN REGOOR SUID AFRIKA.

Die African Christian Alliance – Afrikaner Christelike Alliansie (ACA) wil graag die beste sien vir Pretoria – Tshwane en al die inwoners van Suid-Afrika. Daar is ± 100 straatname aan die Provinsiale wetgewer deurgegee vir veranderinge te Pretoria, asook 'n onbekende getal ander straatname van stede en dorpe regoor Suid-Afrika. 'n Voorlegging van ± 27 name is alreeds aan die Pretoria-Tshwane Metroraad, asook vir openbare deelname deurgegee. (Die openbare deelname het gepaardgegaan met swak bywoning en het ontaard in skeltaal, vuisgevegte en selfs stoel-slanery tussen verskeie groepe. Die besonderhede sal binnekort na die Straatnaamkomitee deurgegee word vir goedkeuring. (Die Straatnaamkomitee word oorheers deur die ANC.)

Die African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie (ACA) is ten sterkste gekant teen alle straatnaamveranderinge, en wel om die volgende redes:

- Die Witman het God se Woord (Bybel) en vooruitgang na Suid-Afrika en Pretoria gebring. Het selfs in verskeie wêreld- en ander oorloë geveg, ook op Suid-Afrikaanse grondgebied was daar met die witman se bloed betaal vir dit wat hy besit het. Huise en plase is afgebrand. Die blanke bevolking moes noodgedwonge van vooraf begin om nuwe strukture op te rig en te onderhou. Dit is deel van Suid-Afrika se geskiedenis. Erkenning kom hulle dus toe.
- Enige naamsverandering het uit die aard van die saak ook ernstige finansiële implikasies, vernameklik in die moontlike ernstige Wêreld-resessietyd, wat ons moontlik in Suid-Afrika kan raak.
- Besighede moet op al hul briefhoofde, naamborde en advertensiebode veranderinge aanbring teen hoë geldelike kostes. Veral die Toerisme-bedryf sal nuwe brosjures moet laat druk en ou voorraad vernietig hier, en in die buiteland.
- Besighede en inwoners moet hul adresveranderinge deurstuur aan alle instansies
- waar hulle besigheid en huurkope het.
- Land- en Padkaarte, elektroniese GPS-toestelle moet verander of aangepas word teen geweldige moeite en geldelike kostes.
- Nuwe straatnaamborde moet gemaak word ten koste van die publiek, wat alreeds gestraf word met hoë elektrisiteits- en erfbelastingkoste, tensy jy geregistreer is as een van die armstes van die stad se mense.
- Ou straatnaamborde moet afgehaal, en met nuwes vervang word, wat mannekrag vereis wat elders beter aangewend kan word.

- Besighede kan moontlik eise vir die geldverlies teen die Metroraad van Tshwane of enige ander stede / dorpe regoor Suid Afrika instel.
- Die geld bewillig vir straatnaamveranderinge in Pretoria-Tshwane kan eerder aangewend word vir die opheffing van die pensionarisse en wesies se welsyn, gesondheidsdienste, teer of herstelwerk aan paaie en / of die verlaging van die erfbelastingkoste en elektrisiteitstariewe. Bou van nuwe en opgradering of herstelwerk aan bestaande munisipale huise, woonstelle en hostels in huidige agtergeblewene gebiede behoort ook eerder aandag te geniet. Kring-televisie behoort in plekke ge-installeer te word waar hoë misdadafsyfers voorkom en vir ander voorkomende maatreëls aangewend kan word.

***** Volgens Mnr Lucas Magadagela van die Pretoria-Tshwane Stadbeplannings Kantoor "sal die Koste nie eers R 5,000,000 (Vyf Miljoen Rand) wees nie" (Vir slegs 27 Straat Name!) – sy selfoonnommer is 082 839 5798 (Pvt) - tel. 012 358 4832, en faksnommer is 086 697 3207 / 086 605 6400. (Verdere navrae omtrent die geskatte kostes kan aan hom gerig word.)

- Dit behoort ook so die kriteria regoor Suid Afrika te wees.

As daar name vernoem en nuwe name gegee moet word van alle Suid Afrikaners wat erkenning verdien, of ander name van bv. plante en voëls, laat dit dan geskied in die nuwe woongebiede, soos goedgekeur en geregistreer in die Databank vir straatname deur die Straatnaamkomitees van verkeie metro en ander munisipaliteite.

- So behoort daar ook 'n Nasionale en 'n Provinsiale straatnaam Databasis te wees, op dieselfde basis as bogenoemde.

Die African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie (ACA) sal enige aksie of proses teen die straatnaamveranderinge wat regoor Suid Afrika plaasvind, ondersteun.

Genesis 1:26, 1:28. Die mens is deur God op die aarde geplaas om die hele aarde te onderwerp (plante) en te heers oor die visse van die see, voëls van die hemel, en oor al die vee / diere wat op die aarde kruip - *maar **nie** om te heers oor mense nie.*

Die mens verkrag hierdie opdrag en manipuleer ander mense vir hul eie gewin.

God sal oorwin "Change for the Good" "A Change we Need."

Petrus van der Westhuizen

Nasionale Leier en 'n Ambassadeur van God.

African Christian Alliance - Afrikaner Christen Alliansie (ACA)

072 229 3760

aca-admin@lantic.net

aca-party@lantic.net